Ezrah
GROW TODAY
LEAD TOMORROW

www.ezrah.co.za




# KWARTAALVERSLAG:

# KINDERBEMAGTIGINGS-PROGRAM

APRIL 2024 - JUNIE 2024

133-155 2013/227807/08 930050983

Alle foto's met toestemming gebruik.

# INHOUDSOPGAWE

Inleiding 02

Visie, Missie en Waardes 03

Fokusareas 04

Kwartaal se Hoogtepunte 05

Kinderbeskermingsvergaderings 06

Viering van Kinderbeskermingsmaand 07

BouSlim Oueropleiding 08

Kinderbeskermingsopleiding met Inceba Trust 09

Kinderbeskermingsopleiding met Orchard Africa 10

Eerste 1000 dae opleiding 11

Erkennings 12

Kontak Ons 13

# INLEIDING

Ons harte is gevul met dankbaarheid vir 'n propvol kwartaal gevul met vreugdevolle samewerking en prettige werkswinkels om kinders se belange te bevorder!

By Ezrah vorm betekenisvolle impak die kern van wat ons doen. Daarom is ons so dankbaar vir die gedeelde visie en mooi samewerking wat ons met verskeie organisasies, insluitend nie-winsgewende organisasies en staatsdepartemente het. Deur verskeie platforms en opleidingsinisiatiewe is ons gesamentlik in staat om ouers en kinders te bereik asook die kinderbeskermingslandskap ten goede te verander.

Ons BouSlim ouerskapprogram is slegs een voorbeeld van ons kindergefokusde inisiatiewe wat suksesvol is in die bou van veerkragtigheid binne gesinne en gemeenskappe soos Nanine Steenkamp, uitvoerende direkteur van RealDeal Trust getuig: *"Die BouSlim-ouerskapprogram het groot hoop, vreugde, genesing en begrip aangewakker. Begunstigdes en fasiliteerders kon 'n veilige ruimte by mekaar vind en is bemagtig om konneksie te bou."*

Hierdie tipe impak sou nie moontlik gewees het sonder die ruim ondersteuning van ons donateurs, medewerkers en Ezrah-vriende nie. Daarom bedank ons elke persoon en organisasie wat hierdie kinderbeskermingsreis met ons deel. Saam kan ons veilige ruimtes waar kinders saakmaak, skep.

Mariëtte Jacobs

Besturende direkteur

22 Julie 2024




# VISIE

Die bevordering van etiese dienslewering en kwaliteit onderwys waar kinders saakmaak.

# MISSIE

Ons bemagtig die volgende generasie as leiers van verandering.

# WAARDES

- Integriteit: ‘n Strewe na die hoogste etiese en professionele standaarde.
- Bevoegdheid: Die skep van 'n kultuur van groei en innovasie.
- Rentmeesterskap: Goeie bestuur van ons hulpbronne en koestering van ons verhoudings.
- Deursigtigheid: Stiptelike verskaffing van akkurate inligting.
- Verantwoordbaarheid: Skep van vertroue by al ons rolspelers.

# FOKUS-AREAS

## Belegging in mense

Ons waardeer en gee om vir mense met 'n sterk fokus op kinders se beste belang.

## Strategiese duidelikheid

Ons implementeer ons roeping met helderheid en volharding.

## Etiese toewyding

Ons bevorder waarde-gebaseerde onderwys en gedissiplineerde, etiese dienslewering.

## Oplossingsgerigte samewerking

Ons bevorder samewerking met 'n oplossingsgerigte ingesteldheid.



# ENKELE HOOGTEPUNTE VAN DIE KWARTAAL

- Baie van ons opleidingsmateriaal, speletjies en aktiwiteite is nou in Afrikaans beskikbaar, insluitend ons BouSlim-ouerskapprogram. Nuwe kreatiewe projekte is in die ontwikkelingsproses, so hou gerus hierdie ruimte dop.

- Ons besturende direkteur het in Mei 'n aanlynwebinaar oor *Strategiese beplanning vanuit 'n Bybelse perspektief* in samewerking met Strong Schools South Africa gefasiliteer.

- Die Ezrah-personeelspan het verskeie kindergefokusde werkswinkels in samewerking met Orchard Africa, Inceba Trust, die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en YearBeyond geïmplementeer, insluitend die bekendstelling van ons Eerste 1000 Dae-opleiding.

- Ezrah se kinderbeskermingsgroep het in Mei kinderbeskermingsmaand deur kreatiewe aktiwiteite gevier.






"Dankie vir die impak wat julle op ons almal het."

**-Daleen Labuschagne (Programdirekteur: Khula Development Group, 2024)**

# KINDERBESKERMING-VERGADERINGS

## Stuurgroepvergaderings

Tydens ons kwartaallikse stuurgroepvergadering in April het Ezrah kreatiewe idees, speletjies en aktiwiteite gedeel ter voorbereiding vir kinderbeskermingsmaand in Mei. Ons het ook aan ons kindergerigte organisasies 'n breë oorsig van ons BouSlim-ouermentorskapprogram gegee.

## Werkgroepvergaderings

By ons kwartaallikse werkgroepvergadering het ons meer oor die mandaat van die Gesinsgeweld, Kinderbeskermings en Seksuele Misdrywe Eenheid (SAPD): Forensiese Maatskaplike Werk geleer. Kol. Jonkers en Lt.Kol. Dampies van die Wes-Kaapse GKS Forensiese Maatskaplike Werk Departement het 'n uitstekende sessie gefasiliteer oor die opleiding en rol van forensiese maatskaplike werkers binne die kinderbeskermingstelsel. Hierdie sessie is deur 'n verskeidenheid nie-winsgewende organisasies en staatsdepartemente binne die Kaapse Wynlande bygewoon.

## Wes-Kaapse teenkinderhandelforum

Benewens die fasilitering van verskeie vergaderings, het Ezrah ook 'n artikel oor die werk van die Wes-Kaapse teenkinderhandelforum gedeel. Hierdie samewerkende forum werk nou saam met die National Freedom Network en ondersteun ook die Wes-Kaapse Provinsiale Taakspan ten opsigte van Kinderhandel. Om die volledige artikel te lees, besoek asseblief ons webwerf by https://ezrah.co.za/collaborations-and-resources-to-respond-to-child-trafficking-in-south-africa/.



"Vir ons om saam met Ezrah 'n pad te stap, help ons mentors wat met kinders werk, om hulle roeping uit te leef. Dit is vir my van onskatbare waarde."

**- Stephanie Henderson (Uitvoerende direkteur, Ma's vir Wellington, 2024).**

# VIERING VAN KINDERBESKERMINGSMAAND

Mei is kinderbeskermingsmaand in Suid-Afrika!



## IMPAK VAN ONS KINDERBESKERMINGSPROGRAM

"Om deel te wees van Ezrah se kinderbeskermingsprogram help maatskaplike werkers om op hoogte te bly met die jongste navorsing, relevante wette en nuwe inligting rakende kinderbeskerming. Die samewerking met verskillende organisasies en belanghebbendes skep geleenthede vir netwerkvorming en die deel van idees om ons kinders te beskerm. Verskillende idees vir kinderbeskermingsweek/maand word elke jaar gedeel, om bewustheid te skep in die gemeenskappe wat ons dien."
**- Mineke Toerien (Maatskaplike Werk Bestuurder: Pebbles Project, 2024)**.

Om die volledige artikel te lees oor hoe ons gesamentlik kinderbeskermingsmaand gevier het, besoek gerus https://ezrah.co.za/organisations-in-the-cape-winelands-unite-to-advance-child-protection/.

**20** Organisasies wat saam werk aan kinderbeskerming

# BOUSLIM OUEROPLEIDING

"Goeie Hoop Sielkundige Diens ontvang jaarliks talle verwysings van kinders in krisis, en kan eerstehands getuig hoe oorweldig ouers is. Ouers beskik dikwels nie oor die kennis van gesonde ouerskapvaardighede nie, aangesien baie van hulle dit self nie as kind ervaar het nie. Die BouSlim opleiding wat Ezrah bied, verskaf aan fasilieerders wat met ouers werk alles wat nodig is om ouers te bemagtig met kennis en praktiese vaardighede. Die inhoud van die kursus is noodsaaklike inligting wat logies en eenvoudig aangebied word. Ons het gesien hoe ouers groter begrip kry vir wat hul kinders nodig het, en dit hul motiveer om ouers te wees wat sterk verhoudings kan bou."

**Carien de Klerk (Direkteur Goeie Hoop Sielkundige Dienste, 2024)**

**20** BouSlim-fasiliteerders is opgelei en 440 BouSlim kaartstelle is bestel






# KINDERBESKERMINGOPLEIDING: INCEBA-TRUST

Ezrah in samewerking met Inceba Trust het die tweede werkswinkel in ons kinderbeskermingsreeks aangebied. Die werkswinkel het oor veiligheidsmaatreëls t.o.v. werknemers, besoekers en vrywilligers gehandel.



## IMPAK VAN HIERDIE SAMEWERKING

"Ezrah se opleiding speel ‘n kritiese rol om vroeë kinderontwikkeling-sentrums met die nodige kennis en vaardighede, veral ten opsigte van kinderbeskerming en die belangrikheid van veiligheid van jong kinders toe te rus.

Deur middel van omvattende opleiding stel Ezrah vroeë kinderontwikkeling- praktisyns in staat om kinderbeskermingskwessies te identifiseer en effektief daarop te reageer, terwyl ‘n veilige omgewing geskep word waarbinne kinders kan floreer. Die opleiding versterk nie slegs die professionaliteit en kapasiteit van vroeë kinderontwikkeling-sentrums nie, maar beklemtoon ook die fundamentele regte van elke kind tot ‘n veilige en koesterende leeromgewing."

**– Irma Duvenage (Projekbestuurder: Inceba Trust, 2024)**

# KINDERBESKERMINGPLEIDING: ORCHARD AFRIKA




17

Bedieningsleiers opgelei

## IMPAK VAN HIERDIE SAMEWERKING

“Die volgende woorde kom by my op terwyl ek nadink oor ons samewerking met Ezrah as 'n organisasie wat kerke toerus om na die kwesbares om te sien. Woorde soos uitnemendheid, integriteit, kwaliteit, betekenisvolle opleiding, empatie, ervaring, deernis en bekwaamheid beskryf alles wat ons met Ezrah ervaar het om ons te help om kerke en leiers in bediening toe te rus met die noodsaaklikhede van die beskerming van kinders in hul daaglikse programme en bediening.

Ezrah het die vermoë om elke organisasie te help om hul eie padkaart te ontwerp om hierdie belangrike uitkoms teen hul eie tempo en binne hul eie kapasiteit te bereik. Dit is 'n plesier om saam met Ezrah te werk.”

**Theuno Swart (Nasionale Direkteur van Suid-Afrika: Orchard Africa 2024)**

# EERSTE 1000 DAE OPLEIDING

Ezrah het in samewerking met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en YearBeyond 'n baie boeiende Eerste 1000 Dae-werkswinkel vir maatskaplike werkers en die Yeboneers-interns in die Paarl gefasiliteer.

Die Eerste 1000 Dae Projek is 'n nuwe Ezrah-projek gebaseer op die navorsing wat deur ons senior maatskaplike werker, Carien van Zyl, gedoen is toe sy haar Meestersgraad in Maatskaplike Werk voltooi het. Hierdie projek rus gemeenskapsfasiliteerders met praktiese hulpmiddels toe om die boustene van die Eerste 1000 Dae te bevorder.

**48** Persone opgelei




"Die Eerste 1000 dae opleiding het 'n impak gemaak op assesserings en hofverslae. Maatskaplike werkers is herinner aan die impak van spel, voeding en veiligheid op die groeiende kind. Daar is nou groter motivering om ondersteuning te verskaf tydens tienerswangerskappe om kinderverwaarlosing en substansmisbruik te verminder. Die jongmense wat die opleiding deurloop het, het terugvoer gegee dat hulle nou baie meer bewus is van die belangrikheid van kinderontwikkeling."

**- Annerie van der Made (Maatskaplike Werk Supervisor, Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, Paarl-Oos, 2024).**

# ERKENNINGS

Met dankbaarheid erken Ezrah die vrygewige bydraes van die volgende persone en organisasies ter ondersteuning van ons missie om die volgende generasie as leiers van verandering te bemagtig:

## Ezrah Direkteure

- Lesley Anne Huysamen (Voorsitster)
- Maarten Pelser Meyer (Tesourier, Risiko- en etiekbeampte)
- Mariëtte Jacobs (Sekretaresse, Inligtingsbeampte)

## Ezrah-Spanlede en Konsultante

- Mariëtte Jacobs (Besturende Direkteur/Programbestuurder)
- Carien van Zyl (Maatskaplike Werker/Projekkoördineerder)
- Janique Amber Oliver (Bemarking en Kommunikasie koördineerder)

## Besighede

- *Webwerf en IT-ondersteuning: Shine the Way 366cc*
- *Regsadvies: Maarten Meyer Prokureurs en Bemiddelaars*

**Al Ezrah se donateurs, medewerkers, ondersteuners, begunstigdes en vriende.**






# KONTAK ONS


**Webwerf: www.ezrah.co.za**

**E-pos: info@ezrah.co.za**

**Direkteure:**
L.A. Huysamen
M.P. Meyer
M. Jacobs



133-155 2013/227807/08 930050983